Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2020

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Kom ons onderneem om elektrisiteit in 2020 te spaar!



Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle inwoners en besoekers om elektrisiteit ten tyde van die warm somermaande so ver as moontlik te bespaar. Soms, as mens mooi dink oor hoe jy elektrisiteit gebruik, kan jy krag bespaar deur die nodige stappe te neem.

Hier volg 'n paar besparingswenke wat jou kan help:

- As 'n toestel nie gebruik word nie, skakel dit af.
- Kom ons leer almal die gewoonte aan om die ligte af te skakel wanneer ons 'n vertrek verlaat.
- Moenie TV's, DVD-spelers en ander elektriese toerusting in bystandmodus los nie – skakel hulle eerder heeltemal af.
- Dieselfde geld vir muurproppunte en aftakkers waar selfoonlaaiers of bedliggies ingeprop word.
- Om elektrisiteit in jou kombuis te bespaar, maak yskasdeure so gou as moontlik toe wanneer items uitgehaal word. Moenie die deur vir langer as wat nodig is, oop los nie.
- 'n Geiser gebruik 39% van alle huishoudelike elektrisiteit; skakel dit af om elektrisiteit en geld te bespaar.
- Isoleer geisers en waterpype want dit sal help dat water langer warm bly.
- Verlaag die maksimumtemperatuurstelling vir jou geiser/termostaat.
- In stede van 'n lang bad, stort eerder want storte gebruik minder water en energie. Onthou, energie- en waterbesparende stortkoppe gebruik minder water én elektrisiteit.
- Gebruik energiedoeltreffende ligte/LED's.

Deur saam te werk, kan ons die las op ons nasionale netwerk verlig en terselfdertyd die waarskynlikheid van beurtkrag verlaag.

VOORGESTELDE NUWE DRANKHANDELSURE VIR OVERSTRAND

Inwoners het tyd tot 23 Maart 2020 om kommentaar te lewer op die voorgestelde nuwe drankhandelsure in die Overstrand.

Dié tweebladsy-dokument hou beduidende implikasies vir houers van dranklisensies in ten opsigte van wanneer mense drank kan koop en verantwoordelik kan geniet.

Die verordening stip aanbevelings uit vir wysiging van die volgende:

- Drank vir gebruik op gelisensieerde persele mag slegs verkoop word tussen 10:00 en 00:00 op enige dag
- Drank vir gebruik weg van gelisensieerde persele mag slegs verkoop word tussen 08:00 en 00:00, slegs Maandae tot Saterdae

Inwoners word aangemoedig om kommentaar te lewer op die voorgestelde veranderinge.

Die voorgestelde veranderinge kan beskou word as 'n poging om drankmisbruik, straatboewery, geraasbesoedeling en openbare stoornisse te verminder.

Die verordening insake voorgestelde drankhandelsure lê ter insae gedurende kantoorure by die kantore van die areabestuurders in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond, by alle openbare biblioteke in die Overstrand en die munisipaliteit se korporatiewe hoofkantoor in Hermanus, sowel as op die amptelike webwerf by www.overstrand.gov.za. (Klik op "documents", klik op "by-law" en dan op "draft by-law".)

Kommentaar kan gerig word aan die munisipale bestuurder (vir aandag Lionel Wallace), Posbus 20, Hermanus 7200, of faks 028 313 8931, of e-pos lwallace@overstrand.gov.za.

Het jy geweet?

- Om drank wettig te verkoop of te produseer, moet jy 'n dranklisensie hê wat toegestaan word deur die Wes-Kaapse Drankowerheid. Hierdie lisensie moet elke jaar hernu word.
- 'n Dranklisensie is 'n dokument wat uitgereik word aan 'n persoon wat toestemming aan hom/haar verleen om drank aan die publiek te verkoop of alkohol te produseer.
- Jy kan kla as 'n dranklisensiehouer die wet, of enige voorwaarde vervat in die lisensie, oortree.
- Alle lisensiehouers moet die lisensievoorwaardes ter besigtiging deur die publiek by die gelisensieerde persele vertoon.
- Jy kan foto's of video's neem of ander bewyse indien ter ondersteuning van jou klagte.

Maak 'n klag aanhangig

As jy dink iemand kom nie die drankwet na nie, kan jy 'n klag by die Wes-Kaapse Drankowerheid aanhangig maak. Klagtes kan ingebring word teen ongelisensieerde drankver-kooppunte in gemeenskappe, verkooppunte wat drank aan minderjariges verkoop, of verkooppunte wat later oop bly as wat toegelaat word deur hul lisensies. Oreenkomstig 'n verklaring wat deur die Wes-Kaapse Drankowerheid uitgereik is, sal ondersoek ingestel en optree word as daar genoeg bewyse van wanpraktyke is. Ernstige oortreders sal na die Dranklisensietribunaal verwys word wat die lisensie kan terugtrek, die lisensie kan opskort, veranderings aan die lisensievoorwaardes kan aanbring of 'n boete kan oplê.Sulke aktiwiteite kan gerapporteer word aan die Wes-Kaapse Drankowerheid by 021 204 9805 of e-pos liquor.enquiries@wcla.gov.za. Jy kan ook www.wcla.gov.za besoek. Voorts kan 'n klagte ook by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en munisipale wetstoepassing gelê word.

INTERAKTIEWE WEBWERF BIED TOEGANG TOT KAARTE VIR OVERSTRAND SE INWONERS

Munisipaliteit Overstrand het onlangs basiese kaartdata aanlyn beskikbaar gestel via 'n kyker wat op jou eie rekenaar, tablet of slimfoon loop.

Die kaartkyker bevat lugfotografie wat in Desember 2018 geneem is sowel as die huidige eiendomsdata met erfnommers, straatname en adresse. Die eiendomsdata word op 'n kwartaallikse grondslag bygewerk.

Jy kan ook na die sonering van eiendomme kyk en of 'n gebou onder 'n erfeniskategorie ressorteer.

Om die kyker te vind, gaan na www.overstrand.gov.za en klik op die kaart-ikoon.

Instruksies oor hoe om die kyker te gebruik, kan gevind word deur op die "I"-knoppie te klik.

HOE EN WAAR OM VAN ROMMEL ONTSLAE TE RAAK

Bourommel tot op 1 ton

Ons doen 'n beroep op inwoners en bouers om nie bakstene, klip en sand (d.w.s. bourommel kleiner as 'n baksteen) met materiaal soos sementsakke, plastiek, papier, karton en metaal of planke (d.w.s. gekontamineerde bourommel) te vermeng nie. Daar kan GRATIS met kleiner hoeveelhede bourommel van tot op een ton (nul tot 1 ton) weggedoen word by die Kleinmond-oorlaaistasie en aflaaifasiliteite in Hawston, Stanford en Pearly Beach sowel as by die Gansbaai- en Karwyderskraal-stortingsterreine mits dit SKOON/GESORTEER is en nie items bevat wat groter as die grootte van 'n baksteen is nie.

Let asseblief daarop dat die oorlaaistasie en aflaaifasiliteite NIE vragte bourommel van meer as 1 ton sal AANVAAR NIE of items bevat wat groter as 250 mm is of nie skoon is nie (d.w.s. gekontamineer met algemene afval of planke ensovoorts wat waarskynlik afkomstig is van 'n bou- of slopingsterrein).

Bourommel van meer as 1 ton

Daar kan met bourommel van meer as een ton weggedoen word by die Karwyderskraal-stortingsterrein. Onthou, as dit nie gesorteer is nie, gaan jy per ton betaal. 'n Premiumtarief van R220/t bereken op die werklike massa waarmee weggedoen word, sal gehef word vir gekontamineerde vragte (bevat planke van enige aard, sementsakke of algemene afval). As jy met 1,2 ton wegdoen, sal jy slegs vir 1,2 ton betaal. Enigeen wat bourommel by die Karwyderskraal-stortingsterrein wil stort, moet by die Overbergdistriksmunisipaliteit (ODM) registreer. Nalating om dit te doen, sal tot gevolg hê dat storting geweier word. Registrasievorms is verkrygbaar van Ingrid Marti by imarti@odm.org.za of by Karwyderskraal se weegbrugkantoor. Die Karwyderskraal-storttingsterrein is elke weeksdag van 08:00 tot 18:00 oop, maar is gesluit oor naweke en op openbare vakansiedae.

Die tabel hieronder weerspieël Karwyderskraal se goedgekeurde tariewe vir die tydperk 1 Julie 2019 – 30 Junie 2020:

Beskrywing	Tarief per ton, of deel daarvan
Dekmateriaal of skoon bourommel wat niks groter as die grootte van 'n baksteen bevat nie	Geen fooie
Oormaat- skoon bourommel (vrag bevat items groter as 'n baksteen)	R100.00
Gemengde, gekontamineerde of ongesorteerde bourommel (bevat hout, papier, staal, ens.)	R220.00
Huishoudelike afval	R217.45

- GESORTEERDE/GEKONTAMINEERDE BOUROMMEL kom daarop neer dat die rommel nie gesorteer is nie – met ander woorde dit bevat planke, sementsakke, algemene afval en soortgelyke items – en is waarskynlik afkomstig van 'n bou- of slopingsterrein.
- SKOON BOUROMMEL kom daarop neer dat die vrag waarmee weggedoen word, skoon is en geen items bevat wat groter as 'n standaardbaksteen is nie.
- OORMAAT- SKOON BOUROMMEL, daarteenoor, kom daarop neer dat die vrag waarmee weggedoen word, nie skoon is nie en stukke sement of rommel bevat wat groter as 'n standaardbaksteen is.

Die bedryfsure van die onderskeie fasiliteite is as volg:

– Kleinmond-oorlaaistasie is oop op weeksdae van 07:30 tot 18:00 en van 07:30 tot 16:30 op Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae.
– Hawston-aflaaipunt is oop op weeksdae van 08:00 tot 18:00 en van 09:00 tot 16:00 op Saterdae en openbare vakansiedae.
– Aflaaipunte in Stanford en Pearly Beach is oop op weeksdae van 08:00 tot 17:00 en van 09:00 tot 14:00 op Saterdae en openbare vakansiedae.
– Die Gansbaai-stortingsterrein is oop op weeksdae van 08:00 tot 18:00 en van 08:00 tot 15:00 op Saterdae en openbare vakansiedae.
– Die Karwyderskraal-stortingsterrein is oop op elke weeksdag van 08:00 tot 18:00 maar gesluit oor naweke en op openbare vakansiedae.

VERKEER ELKE 2DE SATERDAG OOP

Hermanus se verkeersafdeling, geleë op die hoek van Kort- en Mosselstraat in Hermanus, is elke tweede Saterdag van 8:30 tot 12:00 oop.

Vir die res van die eerste kwartaal van 2020, is die datums ter sprake as volg:

07 Maart 2020, 28 Maart 2020, 18 April 2020, 25 April 2020

• *Hierdie datums is tentatief en onderworpe aan verandering.*

Op weeksdae sien bedryfsdae as volg daaruit:

K53- en voertuigregistrasie (Maandae tot Vrydae): 08:00 – 15:15

Boetekantoor (Maandae tot Vrydae): 08:00 – 13:00 en 13:45 – 15:15

Hofkassier (Maandae tot Vrydae): 08:00 – 13:00 en 13:45 – 15:00

Betaalkantoor (Maandae tot Vrydae): 08:00 – 15:30



KENNISGEWING VAN VERLENGING VAN OPENBAREDEELNAMEPROSES INSAKE MUNISIPALITEIT OVERSTRAND SE KONSEPBELEID OOR KRINGTELEVISIE

Neem asseblief kennis dat die openbaredeelnameproses insake die konsepbeleid oor kringtelevisie op munisipale eiendom tot 31 Mei 2020 verleng is.

Hierdie konsepbeleid lê steeds ter insae by alle openbare biblioteke binne Overstrand se regsgebied en kan ook op die amptelike webwerf www.overstrand.gov.za besigtig word. (Klik op Documents en Policies en Draft Policies)

Kommentaar en insette kan gerig word aan Lester Smith by lestersmith@overstrand.gov.za (tel. 028 313 5041). So nie, kontak Overstrand se administrateur: ramprisikobestuur, M Carelse, by 028 313 8941 of e-pos mcarelse@overstrand.gov.za.

PIENK BOEI BY GROTTO-STRAND KRY VOETE

Wees asseblief op die uitkyk vir die pienk boei wat op Grotto-strand verdwyn het. Ongelukkig is dit nie die eerste keer dat reddingstoerusting gesteel word nie.

Ons vra inwoners om ons asseblief te help om die vermiste reddingsboei op te spoor deur hulle oë oop te hou vir enige iemand wat in besit is van hierdie maklikidentifiseerbare, helder pienk lewensreddingsboei.

Kom ons hou aan om ons swemplekke veiliger plekke vir ons kinders en ander strandliefhebbers te maak. Onthou, 'n gegapste pienk boei is 'n gesteelde lewe, en ongelukke kan tog so onverhoeds gebeur.

Jy kan Hermanus-NSRI by 082 990 5967 of deon@searescue.org.za kontak as jy inligting het. So nie, bel wetstoepassing by 028 313 8996.

Enige noodroepe rakende verdrinkings of ongelukke kan gerapporteer word aan die munisipaliteit se 24-uur-nommer 028 312 2400 wat UITSLUITLIK VIR NOODGEVALLE gebruik word.

Vir alledaagse klagtes oor wetstoepassing of verordeninge, bel 028 313 8996.Vir algemene navrae, bel Overstrand se beheerkamer by 028 313 8000 of 028 313 8111 vir gebarste waterpype en soortgelyke insidente.

HOE OM JOU WATERMETER TE LEES

'n Hele paar mense het gevra hoe mens 'n watermeter lees.

Die drie syfers regs teen die rooi agtergrond langs die millimetersyfer dui aan hoeveel liter gebruik is. Sodra hierdie syfers 999 haal, sal hulle oorrol na die swart syfers links, wat aandui hoeveel kiloliter gebruik is (een kiloliter is gelyk aan 1 000 liter).

Slegs die swart nommers links, met ander woorde kiloliters gebruik, sal op jou rekening weerspieël word.

As jy wil tred hou met hoeveel water in en om jou huis gebruik word, of wil kyk of daar 'n ondergrondse lekkasie is, draai bloot alle krane op jou eiendom toe en maak seker dat niemand in die huis water gebruik of die toilet spoel nie. As die rooi syfers regs rol, het jy waarskynlik 'n lekkasie.

Die prentjie hieronder toon dat 239 kiloliter en 102 liter gebruik is.

Dit is handig om te weet waar jou meter sit want die stopkraan, wat die vloei van water beheer, sit gewoonlik langs die meter. In 'n noodgeval, soos 'n gebarste pyp, kan jy die stopkraan gebruik om die watertoevoer toe te draai om waterverlies en -skade te verhoed.

OAK nooi almal na 'n konsert deur drie tjellisgodinne – die ROSANTHORN-TJELLO-TRIO – in die ouditorium om 15:30 op Sondag 15 Maart 2020. Kom geniet 'n betowerende tjello-ervaring wanneer hulle 'n klassieke program met ALMAL SE GUNSTELINGE uitvoer. *Kaartjies kos R150 (R60 vir leerders) en is beskikbaar by die toerismekantoor in Mitchellstraat (tel. 028 312 2629). Kontak René du Plooy by 082 940 4238 vir meer inligting.*